



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

DIE FEESTYE VAN YHVH

LES 8: DIE DERDE FEESSEISOEN: DIE DAG VAN VERSOENING (YOM KIPPUR)

Inhoud Van Les 8

- ❖ Inleiding
- ❖ Die Versoendag (Dag van Toedekking)
- ❖ Messiaanse Betekenis Van Die Versoendag
- ❖ Satan Word Gebind
- ❖ Opsommend
- ❖ Bepeins of bespreek die volgende

INLEIDING

1. Soos reeds in hierdie Skriftestudie bespreek, is die Bestemde Tye (Feestye) van YHVH 'n heenwysing na Yeshua Messias, sowel as 'n afbeelding van YHVH se reddingsplan vir die mensdom, die oordeel van alle mense en van die herstel van YHVH se skepping. Ons het ook geleer dat die eerste vier van hierdie feeste reeds in Yeshua vervul is en ons weet daarom dat die laaste drie feeste ook in Yeshua vervul sal word.
2. In Lev. 23:2 staan dit duidelik geskryf dat hierdie die Bestemde Tye van YHVH is. Dit is Sy feeste en Sy afspraak met Sy volk. Dit is ook ewige insettinge vir alle geslagte in alle woonplekke (Lev. 23:31). Elke gelowige in Yeshua as Messias is deel van YHVH se volk en dus "genooi" na hierdie afspraak op die aangewese tye.
3. Om die feestye van YHVH te gedenk op 'n wyse wat ons herinner aan dit wat Yeshua reeds profeties vervul het, en met 'n verwagting van wat Hy nog profeties gaan vervul, is dus deel van ons geloofserfenis en nie werke van die wet nie. Dit is gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies en het

die belofte van 'n geseënde ontmoeting met YHVH ons Vader. Hierdie feeste is soos 'n padkaart waarvolgens ons, ons eindbestemming kan sien en bepaal hoe naby ons aan ons bestemming is.

4. Die Fees van Versoening is die tweede fees van die laaste feesseisoen en volg tien dae na die Fees van Shofar (Yom Teruah) wat in Les 7 bespreek was.

DIE VERSOENDAG (DAG VAN TOEDEKKING)

Hierdie sal 'n ewige instelling vir julle wees: in die sewende maand, op die tiende van die maand, moet julle in nederigheid vas en géén werk doen nie; die kind van die land sowel as die vreemdeling wat by julle besoek, want op hierdie dag moet hy vir julle toedekking doen om julle te reinig van al julle sondes om voor die Teenwoordigheid van יהוה rein te wees. Dit moet 'n Shabbat van volkome rus vir julle wees en julle moet in nederigheid vas. Dit is 'n ewige instelling. Lev. 16:29 tot 31 (PWL).

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: "Op presies die tiende dag van hierdie sewende maand is dit die dag van Toedekking. Dit sal vir julle 'n afgesonderde byeenkoms wees en julle moet in nederigheid vas en 'n offer, deur vuur, tot יהוה offer. Op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is 'n Toedekkingsdag om vir julle toedekking te doen voor die Teenwoordigheid van יהוה, julle God, want elkeen wat op daardie selfde dag nie nederig vas nie, moet van sy volksgenote afgesny word; asook elkeen wat op daardie selfde dag enige werk doen, dié persoon sal Ek vernietig vanuit sy volk. Julle mag géén werk doen nie; dit is 'n ewige instelling in al julle geslagte, oral waar julle bly. Lev. 23:26 tot 31 (PWL Vertaling).

Op die tiende van hierdie sewende maand moet julle 'n afgesonderde byeenkoms hou, julle moet nederig vas en julle mag géén werk doen nie. Num. 29:7 (PWL Vertaling)

1. Die Bestemde Tyd van Versoening (Toedekking), ook bekend as die Dag van Versoening of Versoendag of *Yom Kippur* word op die tiende dag van die sewende maand (*Tishri*) gedenk. *Yom* beteken *dag* en *Kippur* beteken versoening en toedekking wat dus *vergifnis*, *kwytskelding* en *oorsien* van sonde beteken. Die Engelse term vir hierdie dag, naamlik *Day of Atonement* (*at-onement*) spreek hiervan.
2. *Yom Kippur* word as 'n spesiale Shabbat gedenk – die Shabbat van Shabbatte. Van al die Bestemde Tye is *Yom Kippur* die een wat met die grootste erns gedenk word, want dit spreek van YHVH se genade, maar ook van Sy oordeel, *want elkeen wat op daardie selfde dag nie nederig vas nie, moet van sy volksgenote afgesny word; asook elkeen wat op daardie selfde dag enige werk doen, dié persoon sal Ek vernietig vanuit sy volk.* Die Dag van Toedekking (Versoening) is 'n hernuwing en bevestiging van ons eenwording met YHVH en van ons sondekwytskelding in Yeshua Messias.
3. In Levitikus 16 word die seremoniële gebeure op hierdie dag, die Groot Versoendag, beskryf. Die inhoud van hierdie hoofstuk dien as agtergrond tot

begrip van die ware betekenis en doel van Yom Kippur en behoort aandagtig gelees te word. Kortliks behels dit die volgende:

- 3.1. Eerstens moet die hoëpriester, naamlik Aäron, die tabernakel, asook die priesters, homself en sy huishouding reinig van enige onreinheid deur 'n bul as sondoffer te bring.
- 3.2. Tweedens moet Aäron oor twee bokke die lot werp; een vir YHVH en die ander een vir Asásel. Die een vir YHVH is die sondofferbok vir die reiniging van die tabernakel en die volk van enige onreinheid.
- 3.3. Die tweede bok is vir Asásel en is die "sondebok". Daarom het Aäron sy hande op die bok se kop geplaas en simbolies die sonde van die volk oorgedra op die bok. Hierdie bok is dan die woestyn ingeneem om daar uiteindelik te sterf; verwyderd van die volk.

En as hy die versoening van die heiligdom en die tent van samekoms en die altaar voleindig het, moet hy die lewendige bok laat aankom; en Aäron moet sy twee hande op die kop van die lewendige bok lê en oor hom belydenis doen van al die ongeregtighede van die kinders van Israel en al hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees; en hy moet dié op die kop van die bok lê en hom deur 'n man wat gereed staan, na die woestyn toe stuur. So moet die bok dan op hom al hulle ongeregtighede na 'n woeste land wegdra; en hy moet die bok in die woestyn los. Lev. 16:20 tot 22.

4. Soos in Les 6 (Deel 1 en 2) bespreek is, word die Dag van Toedekking vooraf gegaan deur 'n 40 dae tydperk van voorbereiding en selfondersoek bekend as *Teshuva* en word verdeel in 30 dae van *Berou en Inkeer (Days of Repentance)* voor die Fees van Shofar, gevolg deur 10 Dae van *Afgesonderde (Heilige) Ontslag (Days of Awe)(Yamim Noraim)* vanaf die Fees van Shofar tot die Dag van Versoening. In totaal is dit dus 40 dae van voorbereiding en selfondersoek. Dit word beskou as die laaste geleentheid om vergifnis te vra en ander te vergewe – die laaste kans vir die herstel van die verhouding met YHVH en met medemens.
5. Judaïsme glo dat in die 10 dae van Afgesonderde Ontslag (Eerbied) is die hekke van die hemel geopen en is dit derhalwe 'n tyd van selfondersoek, verootmoediging en gebed. Hulle glo ondermeer die volgende:
 - 5.1. Dit is 'n geleentheid om dit wat in jou persoonlike lewe verkeerd is, reg te stel, asook om jou skuld te betaal en ander te vergewe.
 - 5.2. Dit is ook 'n geleentheid om aan die behoeftiges te gee.
 - 5.3. Hulle glo ook dat dit dié tyd is wanneer YHVH belangrike besluite aangaande die komende jaar neem.
 - 5.4. Volgens Joodse oorlewering word die hekke van die hemel weer op die Dag van Versoening gesluit. Hierdie *sluiting* geskied tydens die byeenkoms in die sinagoge (*Neilah*-diens) wanneer die laaste basuin, bekend as die Groot Basuin, geblaas word.

Hoewel bogenoemde oorlewering en lering nie Skriftelik bewysbaar is nie, is dit ryk aan geestelike inhoud wat die erns van hierdie afspraak met die Vader onderstreep. Dit bevestig 'n Torah-gehoorsame lewe van liefde vir YHVH en liefde vir jou naaste.

6. Talle Jode wat onverskillig staan ten opsigte van die Feestye van YHVH, sal wel *Yom Kippur* herdenk. Die rede is vanweë die erns van die dag en die moontlike gevolge wat dit inhou indien dit nie op gepaste wyse gevier word nie.
7. Volgens Joodse oorlewering word geglo dat almal op Yom Kippur gelyk voor YHVH is. Dit is elke lewende siel wie se verhouding met die Almagtige, met gesin en familie, asook met vriende en teenoor die gemeenskap wat onder die vergrootglas is. Hierdie dag, so word geglo, gaan oor die herstel van verhoudings wat jou geestelike en materiële welsyn bepaal en wat dit in die komende jaar sal beïnvloed. Dit word beskou as die dag wat jou toekoms verseël word.

MESSIAANSE BETEKENIS

1. Die Dag van Versoening is 'n heenwysing na die dag wat Yeshua as Koning gaan terugkeer en wat die aanvang van die Duisendjarige Vrederyk (die Millennium) vooraf sal gaan. Die Fees van Tabernakels is 'n afbeelding van die Millennium en sal in Les 9 van hierdie studie bespreek word.
2. Beide Pesag en die Fees van Versoening is 'n heenwysing na die versoening met YHVH deur die Lam van God, naamlik Yeshua Messias wat vir ons sondes geoffer is. Hoewel daar ooreenkomste tussen die twee feeste is, is daar egter ook sekere verskille.
 - 2.1. Die Pasga is 'n herinnering aan die eenmalige offer wat vir vergifnis van sonde gebring is (Heb 9:11 en 12; Heb. 10:12). Op die wyse is daar versoening met YHVH vir elkeen wat glo in Messias as God se Paaslam.
 - 2.2. Die Dag van Versoening is ook 'n heenwysing van hierdie feit, maar bevat 'n bykomende stap in YHVH se reddingsplan, naamlik die verwydering van die oorsaak van sonde. Die Fees van Versoening is 'n heenwysing na die vergifnis van sonde sowel as die verwydering van sonde. Hierdie stap, die verwydering van die oorsaak van sonde, moet plaasvind alvorens daar ware vrede op aarde kan wees.
3. Die twee bokke word gesien as een offerhande.
 - 3.1. Die een vir YHVH is 'n afbeelding van ons eie reiniging van sonde deur geloof in die versoeningswerk van Jahushua as Messias aan die folterpaal.

Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

2 Kor. 5:21.

Hierdie kan ook vergelyk word met die reiniging van ons liggaam as die tempel van YHVH (1 Kor. 3:16).

Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. 2 Kor. 6:16

- 3.2. Die bok vir Asásel is 'n afbeelding van die verwydering van ons sonde so ver as die Ooste is van die Weste (Ps. 103:11).
4. Die lot vir Asásel is 'n afbeelding van (heenwysing na) Yeshua Messias wat ons sondes op Hom geneem het en in ons plek die loon van die sonde, naamlik die dood, gedra het en ons met YHVH versoen kan wees. (Jes. 53:1-6; 1 Kor. 15:3 en 4; Gal. 1:3 en 4; Heb. 2:17; 1 Joh. 2:2; 4:10).
5. Daar is verskeie elemente van die Dag van Versoening wat op die gelowige in Yeshua van toepassing is, naamlik:
 - 5.1. **Verootmoediging.** Die dag van Versoening is die enigste dag waar God 'n dag van vas vereis. Daarom is *Yom Kippur* ook bekend as *Die Vasdag*. Die King James vertaling van Lev. 23:29 lees: *and ye shall afflict your souls* en volgens die NIV Study Bible: *deny yourselves*. Die opdrag is om jouself te ondersoek en voor YHVH te verneder terwyl jy jou vlees van kos, water en ander daaglikse behoeftes ontnem. Die persoon wat nie hieraan gehoor gegee nie, moet uit sy volksgenote uitgeroei word (Lev. 23:29). Hoewel gelowige in Messias 'n daaglikse verootmoediging moet ondergaan en weerstand teen die begeertes van die vlees moet bied, is Die Versoendag 'n hernuwing en herinnering hiervan. Verootmoediging is deel van die proses van afsondering (heiligmaking). Die Dag van Versoening is 'n herinnering van verootmoediging tot 'n lewe waar ons uitgeroep is en deur YHVH ons Vader vir Hom afgesonder word.
 - 5.2. **Versoening deur die Hoëpriester.** Een keer per jaar het die hoëpriester die Allerheiligste ingegaan om daar versoening vir die volk se sonde te doen. Hierdie was 'n heenwysing na Yeshua Messias wat as Ewige Hoëpriester in die hemelse tabernakel met sy eie bloed ingegaan het en 'n ewige verlossing teweeggebring het (Heb. 9:11 en 12). Die dag van Versoening dien daarom ook as 'n herinnering aan die versoening deur die kosbare bloed van Yeshua.
 - 5.3. **Sondevergifnis:** Weens versoening met God deur die bloed van Yeshua is ons deur YHVH geregverdig verklaar (2 Kor. 5:21) en is ons sonde so ver verwyder as die Ooste van die Weste (Ps. 103:12). Die sondebok (Asásel) is simbolies hiervan.
 - 5.4. **Die sondebok (Lev. 16:8).** Die *lot is gewerp* en Satan is reeds aangewys as die sondebok. Hoewel Satan reeds geoordeel is (Joh. 12:31; Joh. 16:11), is hy nog nie *buitentoe gedryf* nie. Omrede hy

egter reeds deur Yeshua oorwin is (Kol. 2:15), word hy wel as te ware *buitentoe gedryf* wanneer ons, onself aan YHWH onderwerp en Satan weerstaan (Jak. 4:7). Dit is egter alleenlik Yeshua wat met die wederkoms hierdie proses sal voltooi. Tot dan sal elke gelowige in 'n worstelstryd betrokke wees (Ef. 6:12). Dit is belangrik om te onthou dat Yeshua gekom het om die werke van Satan te vernietig (1 Joh. 3:8). Die dag van Versoening dien dus ook as 'n herinnering dat Satan reeds oorwin is.

- 5.5. **Oorwinning oor sonde:** Die sondige mens is saam met Yeshua gekruisig en 'n nuwe mens het saam met Hom opgestaan (Rom. 6:6). Ons is derhalwe dood vir die sonde, maar lewend vir YHWH in Yeshua (Rom. 6:11). Ons Messias het aan die folterpaal gesterf sodat ons sondes vergewe kan word, maar Hy het ook gesterf dat ons sondes verwyder kan word. Die sondebok wat in die woestyn sterf is simbolies van die sonde wat verwyder word en wat nie sal terugkeer nie indien ons gehoorsaam is aan YHWH se onderrig en instruksies, naamlik Sy Torah.
7. Die dag van versoening is ook 'n herinnering dat sonde skeiding tussen YHWH en die mens veroorsaak. Die hoëpriester kon onder die ou verbond slegs een keer per jaar ingaan om versoening vir sy eie sonde en van die priesters en die volk te doen. Onder die hernieude (nuwe) verbond kan ons met vrymoedigheid in die Allerheiligste ingaan op 'n nuwe en lewende weg wat deur Yeshua se liggaam vir ons ingewy is (Heb. 10:19 en 20). Deur die genade is daar daagliks vir ons vergifnis en versoening met ons Vader.
8. Volgens sommige is die sewe dae van Heilige Ontslag tussen die Fees van Trompette en die die Versoendag 'n heenwysing van die die sewe jaar van die komende Groot Verdrukking [Fees van Trompette duur 2 dae en Versoendag duur 1 dag. Dus 2 feesdae + 7 dae van Groot Verdrukking + 1 feesdag = 10 dae van Heilige Ontslag]. In hierdie sewe dae (jare van verdrukking) sal elkeen wat nog op aarde leef die finale kans kry tot die genade van YHWH deur Yeshua Messias. Daarna sal almal, lewendes en dooies, wat nie Yeshua as Messias aangeneem het nie geoordeel word tydens die laaste oordeel bekend as die Wit Troon oordeel (Open. 20:11 tot 15).

SATAN WORD GEBIND

1. Yom Kippur is ook 'n heenwysing na die feit dat Satan uiteindelik gebind sal word. Alle mense ly onder die gevolge van sonde. Sonde het egter 'n oorsprong (oorsaak) en hierdie oorsprong, asook die handeling met hierdie oorsprong, word uitgebeeld deur die simboliek vervat in die Dag van Versoening soos in Lev. 16:7 tot 10 en 20 tot 22 opgeteken is.
2. Die sondebok simboliseer nie net die veroordeling van sonde nie, maar ook die verwydering van die oorsprong van sonde, naamlik Satan die groot verleier. Soos die hoëpriester van die ou verbond, sal Yeshua Messias ook uit YHWH se Hemelse Tabernakel kom, waar Hy as Ewige Hoëpriester versoening vir ons sonde gedoen het, en Satan en sy bose magte bind en op die wyse die sonde, asook die oorsprong van sonde, verwyder. Dit is die begin van die

Duisendjaar Vrederyk (die Millennium; Messias Koninkryk) waar almal wat in Yeshua oorwin het, saam met Hom sal regeer (Open. 20:6). Na 'n duisend jaar sal Satan vir 'n kort tydjie (seisoen) vrygelaat word en dan sal YHVH se genadetydperk tot 'n einde kom en sal net die finale oordeel, naamlik die Wit Troon Oordeel, plaasvind. Die oorsprong van sonde, naamlik Satan en sy bose magte, sal uiteindelik saam met die veroordeeldes vir ewig in die poel van vuur gewerp word (Open. 20:10 tot 15; Matt. 25:30 en 46).

OPSOMMEND

1. Die profetiese vervulling van die Dag van Versoening is dus gedeeltelik voltooi, want Yeshua het reeds versoening bewerkstellig vir elkeen wat glo in die versoening deur Sy kosbare bloed. Die wederkoms van Yeshua Messias sal egter die finale stap in die profetiese vervulling van die Dag van Versoening wees. Die hele Israel (Jood en nie-Jood) wat Yeshua as Messias aanvaar het en die vlekkelose Bruid is, sal dan met YHVH versoen word en vir 'n duisend jaar saam met die Bruidegom hier op aarde woon en regeer. Die dag van Toedekking (Yom Kippur) is 'n herinnering van wat YHVH deur Yeshua reeds gedoen het en 'n kleedrepetisie van die wederkoms van Messias.
2. Indien ons met ware berou en terugkeer tot Torah voor YHVH ons God en Vader op Yom Kippur verskyn, kan ons dit met die geloofsekerheid doen dat Yeshua ons volmaakte toedekking van al ons oortredinge is. Amein – Ja, dit is waar!!!

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. In die lig daarvan dat ons saam met Yeshua sal regeer, is die vraag of ons dan nie reeds hier op aarde veronderstel is om te regeer as YHVH se verteenwoordigers nie (Sy gevolmagtigde in Yeshua)? Bepeins of bespreek hierdie in die lig van Gen. 1:26 tot 28 waar YHVH se oorspronklike doel met die mens uiteengesit word. Hoe moet ons die Hemelse Koninkryk hier op aarde help vestig?
2. Was die tuin van Eden voor die sondeval YHVH se Koninkryk op aarde?

Nota: Ons wil met vrymoedigheid aanbeveel om die boek van Gerrie Coetzee, *Feeste van die Verbond en God van die Verbond* te lees. Hierdie is as gedrukte boek verkrygbaar by Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com of kan afgelaai word by <http://www.padwlewe.ch>

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuweliëd.info
Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie.
Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan
onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*